

5 DIE BLOEITYDPERK VAN DIE TRANS- VAALSE PLAASSKOOL, 1881 - 1890

5.1 Oorsig

5.1.1 Herwinning van onafhanklikheid

Na verskeie afvaardigings gedurende die vierjarige besettingsperiode en hewige gevegte, waarvan die Slag van Amajoeba op 27 Februarie 1881 'n grootse triomf vir die Afrikaner was, het Transvaal op 3 Augustus 1881 op grond van die Pretoria-konvensie verantwoordelike selfbestuur gekry.

Op 27 Februarie 1884 is die Londen-konvensie onderteken, en die naam „Zuid-Afrikaansche Republiek" was in ere herstel.¹⁾

5.1.2 Die benoeming van S.J. du Toit as Superintendant van Onderwys

Na die herwinning van onafhanklikheid het die Afrikaner-nasionalisme en volkstrots herleef. Die Driemanskap het die pos van Superintendant van Onderwys aan S.J. du Toit, predikant van die Paarl en 'n kampvegter teen imperialisme,

1) DU PLESSIS, op. cit., p.241-3. Vgl. ook: KEMP, J.C.G. Vir vryheid en vir reg, p.56-7.

aangebied.²⁾ Nadat S.J. du Toit die aanbod deeglik oorweeg het, het hy hom bereid verklaar om die Superintendentskap te aanvaar, mits die Volksraad bereid was om sy onderwysbeginsels goed te keur. Nadat die Volksraad sy onderwysbeleid goedgekeur het, het S.J. du Toit op 13 Maart 1882 die volgende Superintendent van Onderwys geword.³⁾

5.1.3 'n „Nuwe" verfrissende koers in die onderwys

S.J. du Toit se onderwysbeleid was op die volgende beginsels gefundeer:-⁴⁾

- * Alle onderwys moes uitgaan van privaat inisiatief. Die skole moes nie staatseien-dom, en die onderwysers nie staatsamptenare wees nie.
- * Dogmatiese onderwys moes aan die verskillende kerke oorgelaat word.
- * Sonder om dit te omskryf, moes die medium van onderwys Hollands wees.

2) PISTORIUS, op. cit., p.304. Vgl. ook: DU TOIT, J.D. Ds. S.J. du Toit in weg en werk, p.10-1.

3) Voorlopig rapport van den Superintendent van Onderwijs aan de Hoog-Edele Regering der Z.A. Republiek, 1882, pare. 1-2.

4) LUGTENBURG, op. cit., p.130-1.

- * Deur die toepassing van 'n eenvoudige en eenvormige subsidiestelsel, waardeur daar 'n toelaag per kind toegestaan moes word, ongeag die aantal kinders wat die skool besoek, sou die plaasmense ook die volle voordeel van die regeringshulp kon geniet.
- * Vaste wykskole moes op die platteland opgerig word ten koste van die rondgaande skole.

5.1.4 Wet no. 1, 1882

Na sy ampsaanvaarding het S.J. du Toit sy onverdeelde aandag geskenk aan die onbevredigende onderwystoestande, veral op die platteland.

Wet no. 1, 1882, is in Mei 1882 gepubliseer⁵⁾ om Wet no. 4, 1874, wat weer van krag geword het na die verkryging van onafhanklikheid, te vervang. Du Toit het met die opstelling van sy onderwyswet sterk onder Kaapse beïnvloeding gestaan,⁶⁾ en die wet was dus nie vanuit die Transvaalse onderwysgeskiedenis opgebou nie. In breë trekke is verskeie beginsels van Wet no. 4, 1874, opgeneem, asook die subsidiestelsel (in 'n gewysigde vorm) van die Engelse,

5) Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 18.5.1882.

6) HOOGENHOUT, op. cit., p.59.

soos vervat in die Onderwyswet van 1880.

Van fundamentele belang vir die ontwikkeling van die plaasskoolstelsel was die uitbreiding van die regering se subsidie na die kleiner plaasskooltjies. Vanweë die bepaling dat daar voortaan nie meer 'n minimum van twaalf kinders vereis sou word vir subsidiedoeleindes nie, kon alle plaasskooltjies, ongeag die leerlingtal, in aanmerking kom vir regeringshulp op dieselfde skaal as die skole in die groter sentra.⁷⁾ Hierdie wetsbepaling het die oprigting van plaasskooltjies tot in die verste uithoeke van Transvaal gestimuleer.⁸⁾

Verdere bepalinge van die Du Toit-onderwyswet, wat vanweë die C.N.-beginsels daarin vervat, aanklank by die Boerevolk op die platteland gevind het, was onder andere die volgende:-⁹⁾

* Die ouers was verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders. Die regering moes slegs partikuliere inisiatief deur middel van geldelike bydraes aanmoedig. Dit was ook die taak van die regering

7) Wet no. 1, 1882, art. 6.

8) Refereer na tabel IV, p. 172, vir statistiese gegewens.

9) Staats-almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892, p.91-2.

om toe te sien dat die toekomstige burgers van die staat 'n Christelike opvoeding ontvang.

- * Leerstellige onderwys was die taak van die kerk. Die wet het egter vereis dat die onderwys in alle staatsondersteunde skole in 'n Christelike gees moes geskied. Bybelse geskiedenis moes behandel word en die skooldag moes met gebed geopen en gesluit word.
- * Benewens die gewone subsidie sou die regering 'n addisionele subsidie van R1,00 per leerling per maand betaal ten opsigte van onvermoënde kinders. Aan skoolkommissies van buiteskole sou 'n verdere R1,00 per maand betaal word wat aangewend moes word vir die verkryging van 'n skoollokaal.
- * Die onderwysmedium was Nederlands.
- * Ondersteunde skole het onder die toesig van plaaslike skoolkommissies gestaan.
- * Die reg is aan plaaslike skoolkommissies verleen om self hulle onderwysers te kies. Die gekose onderwysers moes dan aan die regering voorgelê word vir aanstellingsdoeleindes.
- * Vir onderwysers was „Het bezit eener akte

van bekwaamheid ... eene aanbeveling maar geen vereischte" nie. Onderwysers moes egter bewys lewer van goeie sedelike gedrag; lidmaatskap aan 'n Protestantse kerk, en hulle bevoegdheid om deur medium van Hollands onderwys te verskaf.

5.1.5 Die bloeitydperk van die plaasskoolstelsel, 1881-1890

Du Toit se beleid om die onderwys toeganklik te maak vir alle burgers van die Republiek, en in besonder vir die ylverspreide plaasmense, deur aan alle skole wat aan die vereistes van die wet voldoen, 'n jaarlikse toelaag aan te bied,¹⁰⁾ het die gewenste uitwerking gehad. Waar daar aan die einde van 1880 slegs vier wykskole was, het dit vermeerder na vier en dertig in Desember 1882.¹¹⁾

Die reëling dat daar nie meer 'n minimum van twaalf leerlinge nodig was om staatsondersteuning te ontvang nie, het daartoe bygedra dat daar 'n groot aantal plaasskooltjies ontstaan het met minder as twaalf leerlinge. H.W. Stumpf het in April 1882 'n skooltjie op die

10) Wet no. 1, 1882, art. 3.

11) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 3.

plaas Ekombela geopen met nege leerlinge,¹²⁾ en H.F. Budde het op die plaas Spitskop, Wakkerstroomse distrik, gedurende die tydperk 1.1.1883-31.3.1883 slegs die volgende drie leerlinge in sy skool gehad: Gert Kemp (14 jaar); Maria Kemp (12 jaar) en Susanna Kemp (11 jaar).¹³⁾

Du Toit het tydens sy plattelandse reise verskeie plase persoonlik besoek, skoolkommissies laat kies, plaasskole tot stand gebring en inspeksiewerk by bestaande plaasskole verrig. Hy het tydens sy reise dikwels op Sondae vir die plaasmense kerkdienste gehou.¹⁴⁾

Dit is interessant om daarop te let dat daar teen die einde van 1883 reeds vier en sestig wykskole was met 1 090 leerlinge teenoor die agt dorpskole met 320 leerlinge.¹⁵⁾ In 1887 het die aantal wykskole reeds die honderdtal

- 12) STUMPF, H.W., Onderwyser. Brief aan S.J. du Toit. Lüneburg, 20.5.1882. O.D. 2/1 : 61.
- 13) Verslag van die ondersteunde skool op Spitskop, wyk 3, Wakkerstroomse distrik, O.D. 119/2 : 57.
- 14) BOT, A.K. A century of education in the Transvaal, p.29.
- 15) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek over het dienstjaar 1883, par. 4.

bereik. (Daar was toe slegs sestiën dorpskole).¹⁶⁾

Ongelukkig kon Du Toit later sy besondere gawes en onverdeelde aandag, as gevolg van sy bemoeiinge met die politiek en mynmaatskappye, nie meer ten volle aan die onderwys wy nie, en 'n verslapping het ingetree.

5.1.6 Die gedwonge bedanking van S.J. du Toit en die ampsaanvaarding van H. Stiemens

Die plaasskole is nadelig getref deur die feit dat Du Toit se onderwysadministrasie sedert die ontdekking van goud op die Witwatersrand (1886) skeef begin loop het.¹⁷⁾ Plaasskool= onderwysers moes dikwels maande wag vir hulle subsidiegeld, òf vir 'n antwoord op hulle korrespondensie.¹⁸⁾

Vanweë die skerp veroordeling van Du Toit se verdeelde aandag deur die openbare pers,¹⁹⁾

16) Ibid., 1887, par. 3.

17) De Volksstem, 30.5.1887.

18) BRINK, F.G., onderwyser. Brief aan H. Stiemens. Magusstad, Zeerustse distrik, 25.4.1886. O.D. 3/2 : 175. Vgl. ook: T.C. STEINMAN. Brief aan H. Stiemens. Rietfontein, Lichtenburgse distrik, 30.5.1885. O.D. 3/1 : 86.

19) „Een Getrouwe Lezer“, De Volksstem, 23.1.1888.

en die sterk druk wat op hom uitgeoefen was, het hy op 14 Januarie 1888 as Superintendent bedank. Op aanbeveling van S.J.P. Kruger, Staatspresident, het Du Toit in 1889 sy bedanking teruggetrek, maar in 1891 het hy finaal bedank.²⁰⁾

H. Stiemens wat op 24 Augustus 1882 as Sekretaris van Onderwys aangestel is,²¹⁾ het met ingang 31 Januarie 1888 in 'n waarnemende hoedanigheid as Superintendent van Onderwys opgetree.²²⁾

5.2 Oprigting en instandhouding van plaasskole

5.2.1 Die behoefte aan skoolonderwys op plase

Ten spyte van verdienstelike pogings wat daar gedurende die Du Toit-Stiemens-tydperk aangewend was om die kinders op afgeleë plase die geleentheid te bied om skoolonderwys te ontvang,

20) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal. (In Coetzee, J.C. red. Onderwys in Suid-Afrika, p.293).

21) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 6.

22) Ibid., 1887, par. 2.

Opmerking: Die verslag oor die werksaamhede vir 1887 is deur H. Stiemens voltooi en op 18.6.1888 in die Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek gepubliseer.

kon daar nog geensins aan die werklike onderwysbehoeftes voorsien word nie. Verskeie kinders van skoolgaande ouderdom was op die plaas Bospoort, in die Waterbergse distrik, van onderwys verstoke.²³⁾ 'n Geneesheer, Arnoldi, wat, as gevolg van die koorssiekte 'n geruime tyd op Bospoort sou bly, het onderneem om aan elf van die ouer kinders - daar was jongmense van minstens twintig jaar oud by - onderwys te verskaf.²⁴⁾ Op die plaas Buffelshoek was daar sestien kinders wat onderwys dringend benodig het. Vanweë die armoede van die ouers het die plaaseienaar, P.J. Lemmer, regeringshulp aangevra, sodat 'n skool opgerig kon word.²⁵⁾ In 'n openhartige skrywe het C.J.S. Fourie, van Rietfontein, Rustenburgse distrik, ondersteuning om 'n skool te kon oprig met J.F. Kriel as onderwyser aangevra. Fourie het self „noout geen“ onderwys geniet nie, maar die Superintendent moes hulle behulpzaam wees om „... een onderwys (te) krygen Voor ons (hulle) kinderen“.²⁶⁾

- 23) VAN STADEN, P.J., plaaseienaar. Brief aan S.J. du Toit. Bospoort, Waterberg, 6.4.1885. O.D. 3/1 : 68
- 24) ARNOLDI, (?). Brief aan S.J. du Toit. Bospoort, Waterberg, 6.4.1885. O.D. 3/1 : 67.
- 25) LEMMER, P.J. Brief aan S.J. du Toit. Buffelshoek, (?) Mei 1886. O.D. 3/2 : 206.
- 26) FOURIE, C.J.S., voorsitter van die skoolkommissie. Brief aan S.J. du Toit. Rietfontein, wyk Elandsrivier, Rustenburgse distrik, 1.11.1886. O.D. 3/3 : 482-3.

Die groot tekort aan skole word weerspieël in die hoë ouderdom van sommige van die plaasskool= kinders. C.J. Roodt, voorsitter van die skool= kommissie van die skool te „Eerstlegen“, Schweizer-Renekese en Bloemhofse distrik, het in 1889 gekla dat hulle soos „... verlate schape ...“, sonder 'n „herder“ vir hulle kinders was. Verskeie jongmense het toe nog geen skoolonderwys ontvang nie. Toe hulle uiteindelik daarin geslaag het om 'n skool op te rig met A.S.R. Maartens as onderwyser, was daar minstens ses en dertig leerlinge wat in ouderdom gewissel het van vyf jaar tot een en twintig jaar.²⁷⁾ J. Schilthuis het op 17 Junie 1889, 'n skool= tjie te Goedemoed, in die „M.W. Stroomse“ distrik, geopen met slegs agt leerlinge wat respektiewelik twintig, negentien, sewentien, vyftien, elf, nege, sewe en ses jaar oud was.²⁸⁾

Tydens die Volksraadsitting in 1890 was daar 'n memorandum ter tafel gelê waarin daar ver= soek was dat daar veel meer van owerheidsweë gedoen moes word om oral skole op te rig,

27) ROODT, C.J. Brief aan die Superintendent van Onderwys. „Eerstlegen“, Schweizer Renekese- Bloemhofse distrik, 15.7.1889. O.D. 5/3 : 778.

28) SCHILTHUIS, J. Brief aan H. Stiemens. Goede= moed, M.W. Stroomse distrik, 17.6.1889. O.D. 5/2 : 736.

want dit „is het fundament waarop het paleis moet worden opgebouwd ... Onze landskinderen moeten overal in de gelegenheid zijn goed en degelijk onderricht te ontvangen".²⁹⁾

5.2.2 Die vinnige toename van die aantal plaasskole

Wet no. 1, 1882, het na die Afrikanervolk gekom onmiddellik nadat die veroweraar gewyk en die volksgees ontwaak het. S.J. du Toit se Christelik-nasionale onderwysbeleid, wat die klem laat val het op die onderwys vir plaaskinders, het as spoorslag gedien vir die oprigting van plaasskole. Omdat daar geen minimum inskrywing vereis was vir die uitbetaling van subsidie nie, het 'n groot aantal klein plaasskooltjies, soos dit uit die volgende gegewens sal blyk, die lig gesien.

(Vervolg op p.169).

29) De Volksstem, 28.4.1890.

Die oprigting van enkele klein plaasskooltjies gedurende die ampstermyne van Du Toit en Stiemens

Jaar	Plaas	Distrik	Onderwyser	Leerling= tal
1883	Welgevonden	Utrecht	G.D. Buddes	6 30)
1883	Frischgewaagd	Utrecht	T de Groot	4 31)
1883	Soetfontein	Wakkerstroom	C. Fortin	7 32)
1883	Bosmanspruit	Ermelo	C.A. van Niekerk	5 33)
1884	Schunuitzicht	Ermelo	A.J. ten Hoof	10 34)
1884	Rustverwacht	Utrecht	H.F. Budde	4 35)
1884	Schikhoek	Utrecht	G. Sluiter	6 36)
1885	Rietfontein	Waterberg	G. Sluiter	6 37)
1889	Vlakfontein	Rustenburg	-	6 38)
1889	Mooihoek	Vryheid	G. Riegelhuth	5 39)
1889	Uitzicht	Ermelo	C.P. Allaart	4 40)
1890	Rooikraal	Middelburg	J. de Kock	5 41)
1890	Naauwpoort	-	M. Keet (mej.)	3 42)
1890	Nooitgedacht	Utrecht	L.H. Stumff (mej.)	3 43)

Tabel III.

- 30) Verslag van die ondersteunde skool te Welge=
vonden, 1.10.1883 - 31.12.1883. O.D. 119/4 :
33.
- 31) Verslag van die ondersteunde skool te Frischge=
waagd, 1.4.1883 - 15.6.1883. O.D. 119/4 :
134-5.
- 32) Verslag van die ondersteunde skool te Soetfon=
tein, 2.7.1883 - 31.8.1883. O.D. 119/4 : 45-6.
- 33) GNOBLER, S.J. Brief aan H. Stiemens. Bosman=
spruit, Ermelose distrik, 8.11.1883. O.D. 2/2 :
534.
- 34) TEN HOOF, A.J. Brief aan S.J. du Toit. Schoon=
uitzicht, Ermelose distrik, O.D. 2/3 : 89.
- 35) Verslag van die ondersteunde skool te Rustver=
wacht, 26.2.1884 - 31.3.1884. O.D. 120/1 : 38.
- 36) Verslag van die ondersteunde skool te Schik=
hoek, Julie 1884 - September 1884. O.D. 120/1 :
204.
- 37) VAN HEERDEN, C.C. Brief aan S.J. du Toit.
Rietfontein, Waterbergse distrik, 22.2.1885.
O.D. 3/1 : 27.
- 38) DE LA REY, A.J.G. e.a. Brief aan Superinten=
dent van Onderwys. Vlakfontein, Rustenburgse
distrik, 3.8.1889. O.D. 5/3 : 859.
- 39) RIEGELHUTH, G. Brief aan H. Stiemens. Mooihoek,
Vryheidse distrik, 20.8.1889. O.D. 5/3 : 921.
- 40) JACOBZ, W.H. e.a. Brief aan S.J. du Toit.
Uitzicht, Ermelose distrik, 12.10.1889.
O.D. 6/1 : 1 213.
- 41) GILFILLAN, J.A. Brief aan H. Stiemens. Rooi=
kraal, Middelburgse distrik, 22.1.1890.
O.D. 6/2 : 110.
- 42) KLOPPERS, S.P. e.a. Brief aan H. Stiemens.
Naauwpoort, 12.6.1890. O.D. 7/1 : 724.
- 43) LABUSCHAGNE, C.T. Brief aan H. Stiemens.
Nooitgedacht, Utrechtse distrik, 11.10.1890.
O.D. 7/3 : 1 419.

Benewens die groot aantal plaasskooltjies wat met minder as twaalf leerlinge opgerig was, is daar op sommige plase weer redelike groot skole gestig. Op 13.11.1882 het meester W.J. de Clerck 'n skool met ses en twintig leerlinge geopen op die plaas Naauwpoort, Rustenburgse distrik,⁴⁴⁾ terwyl H. van Collier in 1884 onderwys verskaf het aan twee en dertig kinders van die veertien „huishouders“ van die plase Zendingelingspost en Damisburg in die Zeerust-Maricose distrik.⁴⁵⁾

Waar twee plaasskole te na aan mekaar opgerig was, het beide skole gewoonlik daaronder gely. In 'n vertroulike brief aan S.J. du Toit het die sekretaris van die skoolkommissie te Misgunt, P. Strydom, gekla dat J. van Deventer op 1 Januarie 1885 'n opposisieskool, skaars 30 minute te perd van die bestaande skool af, geopen het. Dit was reeds die derde skool in die omgewing, en die betrokke skool was slegs opgerig om die skool op Misgunt af te takel. As dit nie vir die „stijfhoofdigheid“ van sommige skoolouers was nie, kon al die kinders in

44) STEENEKAMP, N.J.S. Brief aan S.J. du Toit. Naauwpoort, Rustenburgse distrik, 4.12.1882. O.D. 2/1 : 202.

45) COETZEE, L.J. e.a. Brief aan S.J. du Toit. Zendingelingspost en Damisburg, Zeerust-Maricose distrik, 9.1.1884. O.D. 2/3 : 9.

een groot sentrale skool geakkommodeer word.⁴⁶⁾
Toe 'n sekere Van der Merwe by die Superinten=
dent gekla het oor 'n opposisieskool wat naby
'n bestaande wykskool op Mapoch se grondgebied
ontstaan het, het S.J. du Toit opdrag gegee
dat daar aan Van der Merwe berig moes word dat
die Superintendent nie oor die mag beskik om die
oprigting van nabygeleë opposisieskole, as hulle
aan die wetsvereistes voldoen, te belet nie.⁴⁷⁾

Uit die volgende statistiese gegewens blyk dit
dat die lokale entoesiasme vir die oprigting
van plaasskole grootliks van distrik tot distrik
verskil het:

(Vervolg op p.172).

46) STRYDOM, P. Brief aan S.J. du Toit. Misgunt,
15.1.1885. O.D. 3/1 : 9.

47) VAN DER MERWE, J.E. Brief aan S.J. du Toit.
Mapoch se gronde, 30.7.1885. O.D. 3/1 : 175.

Statistiek van wykskole soos op 31 Desember vir die jare 1882, 1884, 1886, 1888 en 1890

Distrik	31.12.1882 ⁴⁸⁾		31.12.1884 ⁴⁹⁾		31.12.1886 ⁵⁰⁾		31.12.1888 ⁵¹⁾		31.12.1890	
	Skole	Lle.	Skole	Lle.	Skole	Lle.	Skole	Lle.	Skole	Lle.
Bloemhof	-	-	1	12	1	6	1	14	7	11
Ermelo	3	38	7	50	1	4	7	88	8	8
Heidelberg	1	29	10	148	7	110	21	675	40	214
Lichtenburg	-	-	-	-	1	15	4	51	9	14
Lydenburg	2	41	6	141	4	106	10	198	14	26
Marico - Zeerust	-	-	11	283	9	237	8	190	13	27
Middelburg	1	9	1	14	8	172	14	247	18	24
Piet Retief	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-
Potchefstroom	6	142	13	350	13	356	25	593	25	68
Pretoria	7	89	18	297	13	165	21	331	37	54
Rustenburg	5	160	21	476	12	312	22	468	34	65
Standerton	-	-	3	69	2	28	3	46	13	16
Utrecht	6	54	12	119	2	23	3	29	8	9
Vryheid	-	-	-	-	-	-	-	-	5	4
Wakkerstroom	1	7	7	48	4	41	9	99	5	5
Waterberg	1	20	2	28	-	-	6	120	6	13
Zoutpansberg	1	12	1	16	1	16	5	107	5	6
Totaal	34	601	113	2061	78	1591	159	3256	248	572

Tabel IV

(Vervolg op p.173).

- 48) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 3.
- 49) Ibid., 1884, par. 3.
- 50) Ibid., 1886, par. 3.
- 51) Ibid., 1888, par. 3.
- 52) Verslag van den toestand van het gesubsidieerd onderwijs in de Z.A. Republiek. Dienstjaar 1890, p.3. Vgl. ook: Staats-almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892.

Die ingebruikname van 'n wykskool was gewoon=
lik 'n grootse gebeurtenis waarheen die Superin=
tendent van Onderwys dikwels uitgenooi was.
Vanweë drukke werksaamhede was dit vir S.J.
du Toit dikwels „Onmogelijk over te komen”.⁵³⁾

Met die amptelike opening van die skool op die
plaas Rietvallei, Rustenburgse distrik, op
3.12.1883 om 9.00 vm., was al die lede van die
skoolkommissie, die skoolouers en ouderling W.
Dreyer teenwoordig. Na die sing van Psalm
119:5 en 'n gebed het ouderling Dreyer die
leerlinge gemaan om vlytig te leer, en om hul=
le onderwyser gehoorsaam te wees. J.J.H. du
Preez het in sy toespraak die leerlinge gewys
op die heerlike voorreg om skoolonderwys te
kan geniet, 'n voorreg waarvan Du Preez en sy
tydgenote „verstoken waren”. Nog 'n lid van
die skoolkommissie het, na die sing van Psalm
115:6 en 7, in 'n terugblik in die verlede die
leerlinge gewys op die „... veële, zwāre en
moegelyke wedervaringen ...” wat hulle gehad
het, en dat daar toe van skoolonderwys geen
sprake was nie. Hierna het die onderwyser
Psalm 103:7 voorgelees en die aanwesiges toe=
gespreek. Die twintig leerlinge is toe onder=
vra, en volgens hulle bekwaamheid in die eerste

53) CRONJE, A.J. Brief aan S.J. du Toit. Platkop,
Standertonse distrik, 2.7.1883. O.D. 2/2 : 335.

twee klasse van die laerskool ingedeel.⁵⁴⁾

Die wyksouderling was 'n prominente figuur in die gemeenskapslewe, en hy het gewoonlik 'n belangrike aandeel gehad in die openingsprogram van 'n plaasskool. Omdat ouderling J. Dreyer op reis was toe die skool te Bulhoek, Rustenburgse distrik, op 24 Oktober 1887 moes open, het die amptelike openingsplegtigheid eers op 30 Oktober plaasgevind, nadat die ouderling op die plaas aangekom het. Die verrigtinge het die betrokke dag om 9.00 vm. begin en die opkoms was „talryk“. Ouderling J. Dreyer het die aanwesiges op die gewigtigheid van die plegtige byeenkoms gewys. Voor die aangesig van die Here moes hulle met skoolonderwys begin ter bevordering van die jeug se saligheid.⁵⁵⁾

5.2.3 Staatshulp vir die oprigting en instandhouding van plaasskole

Wet no. 1, 1882, het bepaal dat die regering sou trag om deur middel van sy finansiële ondersteuning „... het onderwijs toegankelik te

54) VAN DER WALT, G.B.J. Brief aan H. Stiemens. Rietvallei, Rustenburgse distrik, 5.12.1883. O.D. 2/2 : 560.

55) DREYER, J.A., voorsitter van die skoolkommissie. Brief aan Superintendent van Onderwys. Bulhoek, Rustenburgse distrik, sonder datum. O.D. 4/2 : 509.

maken voor alle burgers der Zuid-Afrikaansche Republiek, inzonderheid ook voor de ver uiteen wonende Boerenbevolking ...".⁵⁶⁾ Alle skole sou, as hulle aan die vereistes van die wet voldoen het, 'n jaarlikse subsidie van R6,00 vir elke leerling wat laer onderwys, en R10,00 vir elke leerling wat middelbare onderwys ontvang het, ontvang. Die subsidie sou vier keer per jaar na ontvangs van die skoolverslae, uitbetaal word.⁵⁷⁾

Die plaasmense kon, in ooreenstemming met die Du Toit-onderwyswet, ondersteuning van die regering aanvra vir die huur van rondgaande huis-onderwysers, of hulle kon vaste wykskole oprig. Du Toit was 'n voorstaander vir die oprigting van wykskole, en dit kon op die volgende wyse gedoen word: „De inwoners van eenige buurt spannen zamen; stichten een schoolgebouw met onderwijzerswoning op eene centrale plaats; nemen dan jaarlijksche aandeelen van, zegge £3, £4 of £5, met regt om voor elk aandeel een kind gedurende het jaar te laten onderwijzen in de school". Hiervolgens kon plaaslik ongeveer R200,00 per jaar geïen word. Die regerings-toelaag sou dan ook R200,00 per jaar wees. Dit sou voldoende wees om die salaris van 'n

56) Wet no. 1, 1882, art. 3.

57) Ibid., art. 6.

goeie onderwyser, wat ook gratis inwoning sou ontvang, te waarborg. Op dié wyse kon skole permanente instellings op die platteland word. Kinders wat ver van die skool af gewoon het, kon desnoods gedurende die week by die onderwyser loseer.⁵⁸⁾

Vir elke aandeel van R9,00 per jaar kon die ouers of voogde van die wykskool te Palmietfontein, Potchefstroomse distrik, een kind vir die betrokke jaar skoolonderwys laat ontvang. Geen aandeelhouer was verplig om dieselfde kind elke kwartaal in die skool te plaas nie, maar kon elke kwartaal 'n ander kind skool toe stuur.⁵⁹⁾

Rondgaande huisonderwysers op plaas het ook terdeë gebruik gemaak van die geleentheid wat aan hulle gegun was om aansoek om regeringshulp te doen. In sy aansoek om subsidie het huismeester J. Bate berig dat hy alreeds nege maande lank besig was om onderwys te verskaf op die plaas Schimmelhoek in die Ermelose distrik. Daar was aanvanklik veertien leer=

58) Voorlopig rapport van den Superintendent van Onderwys aan de Hoog-Edele Regering der Z.A. Republiek. 1882, par. 16.

59) Huishoudelike bepalinge vir die wykskool te Palmietfontein, wyk Schoonspruit, Potchefstroomse distrik, 18.8.1882, art. 2. O.D. 2/1 : 201 (bh).

linge, dog die getal leerlinge het gedaal.
Op 26 Oktober 1882 was daar nog net sewe oor.⁶⁰⁾
Op aanbeveling van die Volksraadslid, 'n seke=
re Spies, het huisonderwyser Andries Keizer
ondersteuning aangevra, sodat hy met sy onder=
wyspogings op die plaas Uithoek, in die Utrecht=
se distrik, kon voortgaan.⁶¹⁾

Ongelukkig het Du Toit se subsidiestelsel aan=
leiding tot wanpraktyke gegee. A. Hanneken,
die eienaar van die plaas Kleinfontein, het
aan Stiemens berig dat hy die R45,00 wat hy
ontvang het om die onderwyser mee te betaal,
vanweë ongerymdhede wat voorgekom het, nie
aan die onderwyser kon oorhandig nie. Meester
A.P. van Tonder het gedurende die maand Desem=
ber 1889 nie onderwys verskaf nie, en het boon=
op nog meer kinders se name op sy skoolverslag
laat voorkom as wat daar werklik in die skool
was.⁶²⁾

Later aan moes die veldkornet van die betrokke
wyk die skoolstate as korrek sertifiseer in 'n

60) BATE, J. Brief aan S.J. du Toit. Schimmel=
hoek, Ermelose distrik, 26.10.1882. O.D. 2/1 :
148.

61) KEIZER, A. Brief aan S.J. du Toit. Uithoek,
Utrechtse distrik, 24.7.1882. O.D. 2/1 : 92.

62) HANNEKEN, A. Brief aan H. Stiemens. Kleinfon=
tein, 1.3.1890. O.D. 6/2 : 247.

poging om die ongerymdhede uit te skakel. Hierdie reëling het dikwels groot ongerief vir die skoolkommissies en onderwysers van plaas=skole ingehou. Nadat John Genis, sekretaris van die skoolkommissie te Roodegrond, 4½ uur te perd moes aflê om die skoolverslag deur die veldkornet te laat onderteken, moes hy met on=verrigter sake terugkeer, omdat die veldkornet na Kimberley gereis het.⁶³⁾

Die verdragings wat voorgekom het in die uit=betaling van die subsidie kon nie altyd aan die swak organisasie en administrasie van die Onderwysdepartement toegeskryf word nie. Dit moet aanvaar word dat daar dikwels foute in die skoolverslae voorgekom het, en dat die foutiewe skoolstate eers reggestel moes word alvorens die subsidiegeld uitbetaal kon word. Die onbevoegdheid van sommige plaasskoolonder=wysers, en hulle onvermoë om amptelike state volledig en korrek te voltooi, blyk duidelik uit die volgende skrywe van 'n onderwyser van 'n ondersteunde wykskool aan die Superinten=dent van Onderwys:

63) GENIS, JOHN. Brief aan Superintendent van Onderwys. Roodegrond, 14.6.1889. O.D. 5/2 : 630.

„Klipdrift

23 Siptemebir 1889

Den Heer Sup Intindend vondirwys

Pritoria

Wel Edele GS Heer

ik hep de eer u EDSG tedoentoe komin
virslag dir school ter gemelde plaats
vandermaand April waarovir ik met U Edele
gesprakinheef daaromwort u Edele
tevriendelykstevirzoek zogoet teweës in
dezelvevoormyt ereegelinwant ik ben nu niet
in kans pir soonlyk op te komin ...⁶⁴⁾

Vir waarlik behoef tige kinders wat in 'n on=
dersteunde skool gratis onderwys ontvang het,
dit wil sê, vrygestel was van die gebruiklike
skoolgeld wat die ouers moes betaal, sou die
regering aan sodanige skoolkommissies 'n spe=
siale subsidie betaal van R6,00 en R10,00 per
jaar vir elke kind wat respektiewelik laer en
middelbare onderwys ontvang het.⁶⁵⁾ In 'n po=
ging om misbruik teen te werk is in 1884 bepaal
dat sodanige aansoeke gesertifiseer moes word,
en dat 'n amptelike ondersoek gelas sou word
as die aantal gratis leerlinge meer as een=
derde van die totale leerlingtal uitgemaak

64) ROOS, J.J. Brief aan Superintendent van On=
derwys. Klipdrift, 23.9.1889. O.D. 5/3 : 1 096.

65) Wet no. 1, 1882, art. 16.

het.⁶⁶⁾

Vanweë die armoede van die plaasmense het skoolkommissies soms „... de mildheid der Regeering ...” op die proef gestel deur aan te beveel dat soveel leerlinge as moontlik gratis onderwys moes ontvang.⁶⁷⁾

Soms is ernstige probleme ondervind om die veldkornet te oorreed om leerlinge as behoeftig te sertifiseer, indien hy nie volkome vertrouwd was met die ekonomiese toestand van die betrokke ouers nie.⁶⁸⁾ Onderwyseres Annie de Villiers het gekla dat die veldkornet sonder rede summier geweier het om behoeftige kinders vir gratis onderwys te sertifiseer,⁶⁹⁾ en meester A. Nelson het weer soveel moeite ondervind om sy vorms deur die veldkornet onderteken te kry dat hy besluit het om aan die be-

- 66) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1884, par. 5.
- 67) Huishoudelike bepalinge van die ondersteunde skool te Misgunt. O.D. 2/3 : 132. Vgl. ook: ALBERTS, H.W., veldkornet. Brief aan S.J. du Toit. Mapoch se gronde, 4.6.1886. O.D. 3/3 : 452.
- 68) BOSMAN, J.S. Brief aan Superintendent van Onderwys. Tweefontein, Heidelbergse distrik, 27.4.1890. O.D. 7/1 : 525.
- 69) DE VILLIERS, A.E. Brief aan Onderwysdepartement. Rietvallei, 8.6.1889. O.D. 5/2 : 609.

hoeftige leerlinge voortaan "... op eiege re= kening" onderwys te verskaf.⁷⁰⁾

5.2.4 Bydraes van predikante en kerkrade tot die oprigting van wykskole

Wet no. 1, 1882, het die wenslikheid uitgespreek dat die verskillende kerkrade die inisiatief moes neem met die oprigting van skole en die verkiesing van plaaslike skoolkommissies.⁷¹⁾

Die kerk het dan ook op verskeie plekke die inisiatief begin neem, en S.J. du Toit kon alreeds in sy jaarverslag vir 1882 met genoeg melding maak van die gewaardeerde hulp wat van predikante en kerkrade ontvang was tot die oprigting van skole en die uitbouing van die onderwys.⁷²⁾

Dit blyk uit die volgende tabel dat dit veral die predikante en kerkrade van die Afrikaanse kerke was wat hulle beywer het om plaasskole op te rig en om die plattelandse onderwystoe= stande te verbeter.

70) NELSON, A. Brief aan H. Stiemens. Wonderfontein, Lichtenburgse distrik, 28.7.1888.
O.D. 4/4 : 391.

71) Wet no. 1, 1882, art. 2 e.

72) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 11 e.

Bemoëning van predikante en kerkrade om plaasskole op te rig

Plaas	Distrik	Openings= datum	Kerkraad of predikant	Onderwyser	
Rietfontein	Rustenburg	23.10.1882	Geref. Kerk	B.E. Meyer	73)
Rietfontein	Rustenburg	4.12.1882	Johs. de Ridder	G.B.J. van der Walt	74)
Remhoogte	Hoëveld (wyk)	21. 5.1883	Geref. Kerk	C. Marits	75)
Jukskeirivier	Pretoria	26. 5.1883	Geref. Kerk	P.A.A. de Vos	76)
Buffelshoek	Rustenburg	15. 7.1884	Johs. de Ridder	G. Züch	77)
Rietvlei	Rustenburg	2.12.1884	Johs. de Ridder	F. Bender	78)
Grootspelonken	Soutpansberg	2. 1.1885	L.G.F. Biccard	D.G. Grobler	79)
Paardeplaas	Zeerust	3. 2.1886	Johs. de Ridder	G. Geertsema	80)
Waterval	Soutpansberg	1. 9.1886	L.G.F. Biccard	Smit (mev.)	81)
Leeuwfontein	Lichtenburg	19. 4.1889	Ned. Herv. of Geref.	P.B.B. Schutte	82)
Bokfontein	Rustenburg	1. 7.1889	Ned. Herv. of Geref.	(?)	83)
Onverwacht	Rustenburg	1. 1.1890	Ned. Herv.	(?) Graff	84)
Swartkoppies	Heidelberg	17. 2.1890	Geref. Kerk	P.C. van der Walt	85)

Tabel V

(Vervolg op p.183).

- 73) DREYER, F.A. Brief aan S.J. du Toit. Rietfontein, Rustenburg, 23.10.1882. O.D. 4/2 : 202.
- 74) DE RIDDER, JOHS. Brief aan S.J. du Toit. Rustenburg, 13.12.1882. O.D. 2/1 : 202 (br).
- 75) BREED, J. Brief aan S.J. du Toit. Remhoogte, 9.6.1883. O.D. 2/2 : 306 (am en an).
- 76) COETSEE, D.C.P. Brief aan S.J. du Toit. Pretoria, 29.5.1883. O.D. 2/2 : 285.
- 77) DE RIDDER, JOHS. Brief aan H. Stiemens. Rustenburg, 16.7.1884. O.D. 2/3 : 143.
- 78) DE RIDDER, JOHS. Brief aan H. Stiemens. Rustenburg, 15.12.1884. O.D. 2/3 : 275.
- 79) BICCARD, G.F. Brief aan S.J. du Toit. Soutpansberg, 12.2.1885. O.D. 3/1 : 19.
- 80) DE RIDDER, JOHS. Brief aan S.J. du Toit. Rustenburg, 13.2.1886. O.D. 3/2 : 70.
- 81) BICCARD, L.G.F. Brief aan S.J. du Toit. Soutpansberg, 14.7.1886. O.D. 3/3 : 335.
- 82) Huishoudelike bepalinge van die skool op Leeuwfontein, 19.4.1889. O.D. 5/2 : 431.
- 83) Huishoudelike bepalinge van die skool op Bokfontein, 1.7.1889. O.D. 118/1 : 178.
- 84) Huishoudelike bepalinge van die skool op Onverwacht, 1.1.1890. O.D. 6/2 : 37.
- 85) Huishoudelike bepalinge van die skool op „Swartkopjes“, 17.2.1890. O.D. 6/2 : 267.

5.2.5 Die kortstondige bestaan van die plaasskole

Die kortstondige bestaan van wykskole blyk duidelik uit die volgende gegewens:

Skole geopen en gesluit in die Rustenburgse distrik gedurende 1889⁸⁶⁾

Skool	Onderwyser	Open	Sluit
Hartebeestfontein	A. Potgieter	8.1.1889	15. 4.1889
Rietfontein	J.F. Kriel	(?) 1.1889	16. 8.1889
Zuurfontein	S. Malan	25.2.1889	12. 9.1889
Boschfontein	A.B. Botha	1.3.1889	1. 8.1889
Sterkstroom	S.F. Marais	1.3.1889	30. 5.1889
Vlakfontein	W. Grobler	1.4.1889	30. 7.1889
Zuurplaat	J.M. van Roöyen	3.4.1889	2.10.1889
Waterval	B.C. Lottering	1.5.1889	(?) 12.1889
Rietfontein	H.G. de Buis	16.6.1889	1.11.1889
Naauwpoort	J.E. Erasmus (Mej.)	2.8.1889	(?) 12.1889

Tabel VI

Soms het die plaasmense rondgaande skole in

86) Register van onderwysers en hulle skole, 1889-1890. O.D. 320.

plaas van vaste wykskole verkies. Volgens 'n onderlinge reëling moes meester W.O. Lindley vir drie maande skoolhou te Magatashoek.⁸⁷⁾ Daarna moes die skool vir drie maande „ver=plaats" word na die plaas Buffelshoek, waarna dit vir ses maande verplaas moes word na Vlakhoek.⁸⁸⁾ Die skool wat op Modderspruit, Mapoch se gronde geopen is, sou volgens die huishoudelike bepalinge, „... eene rondgaande School Wezen die dan hier dan daar zal geplaatst word" (Art. 1). Die skool moes nie korter as ses maande en nie langer as twaalf maande op een bepaalde plaas aan die gang gehou word nie (art. 2).⁸⁹⁾

Die volgende was van die belangrikste faktore wat vir die kortstondige bestaan van die plaasskole verantwoordelik was:-

* Ylverspreide plattelandse bevolking

Op 30 April 1889 moes die skool te Faraos=fontein, in die Heidelbergse distrik, nood=gedwonge sluit omdat sommige van die skool=

87) Hierdie skool is op 10.4.1882 geopen.

88) KRUGER, H. Brief aan Superintendent van Onderwys. Magatashoek, 22.4.1882. O.D. 2/1 : 202 (b).

89) Huishoudelike bepalinge van die ondersteunde skool te Modderspruit, Mapoch's gronde, sonder datum, artt. 1-2. O.D. 7/1 : 1403.

ouers te ver van die skool af gewoon het.⁹⁰⁾
 Vanweë die ylverspreide bevolking het die
 leerlingtal van die wykskool te Roodegrond
 gedurende die eerste kwartaal 1890 sodanig
 verminder dat die skool gesluit moes word.⁹¹⁾

* Gebrek aan plaaslike belangstelling

Inspekteur C.G. de Jonge het in 1890 ver=
 klaar dat die regering meer belangstelling
 in die opvoeding en onderwys van die kinders
 getoon het as die ouers self. In vergelyking
 met die ruim subsidie wat die skole van die
 regering ontvang het, het die ouers self
 min gedoen ter bevordering van die onderwys.⁹²⁾
 Meester J.G. van Helsdingen was verplig om
 sy skool te Bulhoek in 1888 tydelik te
 sluit "... door ge breeken van de belang=
 hebbers".⁹³⁾ Op 1 Julie 1890 het A.J. van
 der Walt met sy onderwyspogings te Leeuw=

90) WEILBACH, J.C., voorsitter van die skoolkommis=
 sie. Brief aan H. Stiemens. Faraosfontein,
 Heidelbergse distrik, 22.4.1889. O.D. 5/2 :
 438.

91) GENIS, J., onderwyser. Brief aan L.D. Borel.
 Roodegrond, 2.4.1890. O.D. 7/1 : 390.

92) DE JONGE, C.G. Algemeene opmerkingen over het
 onderwijs in de Z.A. Republiek. Verslag van
den toestand van het gesubsidieerd onderwijs
in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1890,
bijlage (B).

93) VAN HELSDINGEN, J.G. Brief aan H. Stiemens.
 Bulhoek, 2.6.1888. O.D. 4/4 : 297.

fontein opgehou „... door gebrek van ondernemings geest door sommige der belanghebers".⁹⁴⁾

* Armoede

In Januarie 1884 het J.F.S. Fritz, voorsitter van die Skoolkommissie van die skool te Naauwpoort, aan Du Toit berig dat hulle ten spyte van die finansiële ondersteuning van die regering hulle skool met ingang April 1884 sou moes sluit vanweë die bittere armoede van die ouers. Die kinders was skamel geklee, en hoogstens vier van die ouers kon die skoolgeld betaal.⁹⁵⁾ S.H. Heyns, wat vyf ure te perd van sy skool af gewoon het en elke skooldag skool toe en terug moes ry, moes sy skool in 1886, vanweë die armoede van die plaasmense, sluit.⁹⁶⁾

* Tekort aan plaasarbeiders

Onderwyser P. Zegers het op 22 September 1890 met leedwese aangekondig dat die skool wat hy te „leeuwenkopjes", Soutpansbergse

94) VAN DER WALT, A.J. Brief aan H. Stiemens. Leeuwfontein, Pk. Hartebeestfontein, oor Klerksdorp, 1.7.1890. O.D. 7/2 : 815.

95) FRITZ, J.F. S. Brief aan S.J. du Toit. Naauwpoort, 30.1.1884. O.D. 2/3 : 23.

96) HEYNS, S.H. Brief aan H. Stiemens. „Zwart Ruggens", 6.2.1886. O.D. 3/2 : 61.

distrik, geopen het gesluit moes word omdat die ouers hulle kinders vir plaaswerk nodig gehad het.⁹⁷⁾ P. Zegers het egter bo= genoemde skool op 6 Oktober 1890 met min leerlinge heropen.⁹⁸⁾ In April 1886 het die skool te Rietvallei, Zeerustse dis= trik, ook opgehou om te bestaan as gevolg van die tekort aan plaasarbeiders.⁹⁹⁾

* Die jaarlikse trek na die winterveld

Dit was 'n algemene praktyk dat boere gedu= rende die wintermaande hulle hoëveldse plase verlaat, en met hulle gesinne en vee na hul= le bosveldplase getrek het op soek na beter weiveld. Op die bosveldplase het hulle ty= delik in tente of tentwaens gewoon,¹⁰⁰⁾ en dit het uit die aard van die saak voortge= sette skoolonderwys ernstig benadeel. Die skool te Krans van Blesbokspruit sou met ingang 5 April 1890 vir 'n onbepaalde tyd

97) ZEGERS, P. Brief aan H. Stiemens. Leeuwen= kopjes, Soutpansberg, 22.9.1890. O.D. 7/3 : 1374.

98) ZEGERS, P. Brief aan H. Stiemens. Leeuwen= kopjes, Soutpansberg, 6.10.1890. O.D. 7/3 : 1373.

99) NELSON, A., onderwyser. Brief aan H. Stiemens. Rietvallei, Zeerustse distrik, 14.4.1886. O.D. 3/2 : 158.

100) JEPPE, C., op. cit., p.88.

sluit „.... ter wille van de aanstaande winter, daar onze Veeboeren moeten trekken, en zy hunne kinderen dan nodig hebben".¹⁰¹⁾

W.J. de Clerck moes sy skool te Vlaklaagte, Middelburgse distrik, tydelik sluit, aangesien „.... allen naar de boschveld met hunne vee trekt, kinderen mede nemende".¹⁰²⁾

5.3 Plaaslike beheer

Nadat skoolkommissies op die platteland tydens die Engelse administrasie (1877-1880) verdwyn het, het S.J. du Toit plaaslike skoolkommissies weer in ere herstel en hulle selfs met meer verantwoordelikhede bekleed as ooit vantevore.

Elke ondersteunde plaasskool moes onder die onmiddellike toesig staan van 'n skoolkommissie wat verantwoordelik was vir die opstel van 'n eie huishoudelike reglement waarvan 'n afskrif aan die Superintendent van Onderwys gestuur moes word.¹⁰³⁾ Plaaslike skoolkommissies was verder verantwoordelik vir:¹⁰⁴⁾

101) TALJAARD, C.J., onderwyser. Brief aan Departement van Onderwys. Krans van Elandspruit, 5.4.1890. O.D. 7/1 : 406.

102) DE CLERCK, W.J. Brief aan H. Stiemens. Vlaklaagte, Middelburgse distrik, sonder datum. O.D. 8/2 : 2027.

103) Wet no. 1, 1882, art. 8.

104) Ibid., artt. 9-12.

- * die voorsiening van 'n goeie skoolgebou, meubels en toerusting tot bevrediging van die regering en onderworpe aan inspeksie van die Superintendent (art. 9);
- * minstens een skoolkommissielid moes die kwartaallikse verslae van die skool saam met die onderwyser onderteken (art. 10);
- * skoolkommissies moes, in oorleg met die onderwyser, die skoolvakansies bepaal wat nie agt weke per jaar moes oorskry nie (art. 11);
- * onderwysers moes deur die skoolkommissies gekies, en deur middel van die Superintendent aan die regering voorgedra word vir aanstelling (art. 12).

Dit het soms moeilik gegaan om 'n kommissie vir 'n plaasskool saamgestel te kry. Nadat J.G. Coetser reeds op 1 Junie 1882 met 'n skool te Goedehoop begin het,¹⁰⁵⁾ het hy op 15 Augustus hom in radeloosheid tot die Superintendent gewend om te verneem wat hom te doen gestaan het om die skoolverslae onderteken te kry, aangesien hulle reeds verskeie kere tevergeefs ge-

105) COETZER, J.G. Brief aan landdros J.H. Neethling. Goedehoop, Lydenburgse distrik, 15.6.1882. O.D. 2/1 : 94.

poog het om 'n skoolkommissie saamgestel te kry.¹⁰⁶⁾ Huisonderwyser J.F. Schroeder het in Julie 1882 berig dat daar, ten spyte van verskeie pogings, nog nie 'n skoolkommissie gekies kon word nie. Die heer Steenkamp, eie= naar van die plaas Holkrans waarop die skool was, sou intussen die skool beheer.¹⁰⁷⁾

Daar was geen eenvormigheid ten opsigte van die aantal lede waaruit 'n skoolkommissie moes bestaan nie. Soos dit blyk uit onderstaande tabel, het dit van skool tot skool gewissel.

(Vervolg op p.191).

106) COETZER, J.G. Brief aan S.J. du Toit. Goede= hoop, 15.8.1882. O.D. 2/1 : 103.

107) SCHROEDER, J.F. Brief aan S.J. du Toit. Hol= krans, Utrechtse distrik, 31.7.1882. O.D. 2/1 : 96.

Aantal skoolkommissieledede by 'n aantal plaasskole,
1883-1890

Jaar	Plaas	Distrik	Aantal Kommissieledede
1883	Roodekopjes	Rustenburg	5 108)
1885/86	-	Middelburg	10-12 109)
1886	Rietfontein	Heidelberg	2 110)
1888	Rietfontein	Waterberg	3 111)
1888	Katdoornbosch	Potchefstroom	4 112)
1890	Wegdraai	Middelburg	3-7 113)

Tabel VII

In stryd met die wetsbepalinge het skoolkommis=
sies van plaasskole hulle dikwels die reg toe=
geëien om toesig te hou oor die professionele
werk van die onderwyser. Indien die besoeke

- 108) Huishoudelike bepalinge van die skool te Rood=
kopjes, 24.10.1883. O.D. 2/2 : 527.
- 109) Regulasies van die wykskool op Mapoch se
gronde, sonder datum. O.D. 3/1 : 190.
- 110) NAUDE, W.J. Brief aan S.J. du Toit. Rietfon=
tein, Heidelbergse distrik, 6.3.1886. O.D. 3/2 :
99.
- 111) Huishoudelike bepalinge van die Rietfontein=
skool, 9.6.1888. O.D. 118/1 : 80.
- 112) Huishoudelike bepalinge van die skool te Kat=
doornbosch, 7.7.1888. O.D. 4/5 : 681.
- 113) Huishoudelike bepalinge van die skool te Weg=
draai, Mapoch se grond, 8.2.1890. O.D. 6/2 :
179.

net beperk was tot die toesig oor die geboue, meubels en ander skooltoerusting, sou dit in ooreenstemming gebring kon word met artikels agt en nege van die skoolwet. Die voorsitter van die skoolkommissie van die Kortfonteinskool, P.E.J. Kruger, het in Augustus 1884 berig dat die skoolkommissie die skool geïnspekteer het, en dat die leerlinge goeie vordering gemaak het in die lees van note, Skrif en Syferkuns.¹¹⁴⁾ Volgens die huishoudelike bepalinge van die skool te Rietfontein, in die Waterbergse distrik, moes die skoolkommissie die skool weekliks besoek sodat die lede hulle daarvan kon vergewis dat die onderwyser die skoolverslae gereeld op datum hou, en dat die leerlinge bevredigend vorder.¹¹⁵⁾

Daar was waarskynlik veel gemaak van die inspeksiebesoeke deur die skoolkommissielede. Tydens so 'n inspeksiebesoek op 2 Desember 1888 moes die leerlinge van die Wilgerkraalskool die volgende liedjie ter verwelkoming van die skoolkommissie sing:

„Welkom aller en ons midden, Vaders! onder=

114) KRUGER, P.E.J. Brief aan H. Stiemens. Kortfontein, 28.8.1884. O.D. 2/3 : 170.

115) Huishoudelike bepalinge van die skool te Rietfontein, Waterbergse distrik, 11.12.1888. O.D. 4/5 : 664.

zoek ons vrij welke vordering wij maken,
en deze ons School nabij, wij zijn maar
zwak en het leeren, maar zullen het beter
doen, wij bidden daaglijks den Heere, Om
hulp, zegen, en voor uw., Ziet dan onze
fouten over, die wij heden voor u doen,
onzer aller Vriend! en Meester; zullen
wij gehoor geven, wij zeggen u allen veel
dank, voor de bezoek ons gedaan, de Heeren
hoor onze bede, voor zegen en dezen School".¹¹⁶⁾

Die stelsel van plaaslike beheer, soos belig=
gaam in die Du Toit-onderwyswet, het sterk in
die gedrang gekom gedurende die laaste jare van
die superintendentskap van Du Toit en Stiemens.
W.J. Leyds het op 4 November 1887 soos volg aan
J.P. Moltzer in Nederland geskryf: „Krachtiger
staats- bemoeiing alleen kan hier m.i. de zaak
nog ten goede leiden. Maar de President wil
alles aan het particulier initiatief overlaten,
en wil niet toegeven dat de staat moet in=
springen als dat initiatief niet voldoende is
of als het den verkeerden weg inslaat".¹¹⁷⁾

In 'n inleidingsartikel het De Volksstem op

- 116) „Welkoms lied door de kinderen, te Wilgerkraal,
aan den Schoolcommissie gezongen op den 2 de
December 1888. Volgens Wijze van Gez. 52".
O.D. 4/5 : 688.
- 117) LEYDS, W.J. Brief aan J.P. Moltzer. Pretoria,
4.11.1887. L.A. 250/2.

2 Maart 1891 te velde getrek teen die beginsel van partikuliere inisiatief. Ouers het dikwels in die vervulling van hulle pligte ten opsigte van die onderwys van hulle kinders tekort geskiet.¹¹⁸⁾

5.4 Teorie en praktyk

5.4.1 Doel van die onderwys

Die primêre doel van formele skoolonderwys was vir die plaasmense nog steeds die voorbereiding vir kerklidmaatskap, en die plaasskole was as't ware kerkkisasieklasse.

Na een of twee nagmaalsgeleenthede het die leerlingtal van plaasskole in so 'n mate afge=neem, dat dit vir die onderwyser nie meer die moeite werd was om die skool aan die gang te hou nie.¹¹⁹⁾ Nadat huisonderwyser, J. Schilt=huis, vir 'n tydperk van drie maande die kinders van F. Rousseau te Muiskraal voorberei het vir kerklidmaatskap, moes hy na 'n volgende plaas verhuis.¹²⁰⁾ Op Boschhoek het meester

118) De Volksstem, 1.3.1891.

119) HAGEN, J. Een en ander over het buitenonder=wijs in de Z.A.R. (In V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, p.67).

120) SCHILTHUIS, J. Brief aan S.J. du Toit. Drie=fontein, Pretoriase distrik, 22.5.1883.
O.D. 2/2 : 274-5.

Pentz die skool op 24 Augustus 1883 gesluit, nadat die meeste leerlinge lidmate van die kerk geword het, en dit nie meer lonend was om die skool ter wille van die paar leerlinge wat oorgebly het aan die gang te hou nie.¹²¹⁾

Benewens die „dagskool” was plaasskoolonderwysers soms saans nog belas met kategetiese onderwys. Meester P. Kern moes vir drie aande per week die kinders „catechiseeren”.¹²²⁾ Dit was van die onderwyser te Doornkop verwag om soggens vanaf 8.30 vm. tot 11.30 vm. en smiddae vanaf 1.00 nm. tot 4.00 nm. gewone skoolonderwys te verskaf, en saans moes hy vir 1½ uur lank die kinders katekiseer.¹²³⁾

5.4.2 Skoolure

Skoolkommissies het self, in oorleg met die onderwyser, die skoolure na goeie dinge vasgestel. Gewoonlik was daar twee skoolsessies per dag (Maandae tot Vrydae). Soos dit uit onder-

121) PENTZ, (?). Brief aan S.J. du Toit. Boschhoek, 27.8.1883. O.D. 2/2 : 437.

122) Huishoudelike bepalinge van die skool te Klippoort, Standertonse distrik, art. 8, 4.6.1885. O.D. 1/3 : 126.

123) Huishoudelike bepalinge van die skool te Doornkop, Middelburgse distrik, 6.7.1888. O.D. 4/4 : 367.

staande gegewens blyk, was daar ook gewoonlik verskillende skooltye vir die somer- en wintermaande.

Skoolure van die plaasskole te Klippoort ¹²⁴⁾ en Rietvallei ¹²⁵⁾					
Skool	Somer		Winter		Totale aantal skoolure per dag
	Soggens	Smiddae	Soggens	Smiddae	
Klippoort	9.00-12.00	2.00-5.00	9.00-12.00	2.00-4.00	Somer: 6 ure Winter: 5 ure
Rietvallei	9.00-12.00	2.00-5.00	9.00-12.00	2.00-4.00	Somer: 6 ure Winter: 5 ure

Tabel VIII

Gedurende daardie jare was 'n drie-sessie-skooldag ook geen seldsame verskynsel by plaasskole nie. Te Zybrandskraal, in die Pretoriase distrik, het M. Ribbens soggens van 8.00 vm. tot 11.00 vm., smiddae van 1.00 nm. tot 3.00 nm. en saans van 7.00 nm. tot 8.00 nm. skoolgehou,¹²⁶⁾ terwyl Johannes Laage te Hoedspruit, in die Middelburgse distrik, op die volgende tye on-

- 124) Huishoudelike bepalinge van die skool te Klippoort, Standertonse distrik, 4.6.1885. O.D. 3/1 : 126.
- 125) Notule van 'n skoolkommissievergadering van die skool te Rietvallei, 1.2.1886. O.D. 3/2 : 46.
- 126) PRINS, J.J. en M.J., skoolbestuurders. Brief aan H. Stiemens. Zybrandskraal, Pretoriase distrik, 20.10.1888. O.D. 4/5 : 581.

derwys aan sy leerlinge moes verskaf: 9.00 vm. tot 12.00 vm.; 1.00 nm. tot 4.00 nm. en 7.00 nm. tot 8.00 nm.¹²⁷⁾

Gevalle het ook voorgekom waar die skoolweek oor ses dae gestrek het, want benewens die ses ure wat die onderwyser te Roodekop, in die Utrechtse distrik, van Maandag tot Vrydag skoolgehou het, moes hy ook op Saterdag vir drie ure lank skoolhou.¹²⁸⁾

5.4.3 Skoolvakansies

Plaaslike skoolkommissies het, in oorleg met die onderwysers, self die skoolvakansies vir hulle onderskeie skole bepaal. Elke skool was op hoogstens agt weke vakansie per jaar geregtig, en die skoolkommissies moes die Superintendent van hulle vakansiereëlings verwittig.¹²⁹⁾ In die praktyk het die plaasskole se vakansies gewissel van geen skoolvakansie nie, behalwe

127) BOSHOFF, J.N. Brief aan S.J. du Toit. Hoedspruit, Middelburgse distrik, 23.3.1885. O.D. 3/1 : 53.

128) Huishoudelike bepalinge van die ondersteunde skool te Roodekop, Utrechtse distrik, sonder datum. O.D. 5/2 : 365.

129) Wet no. 1, 1882, art. 11.

die gewone openbare vakansiedae,¹³⁰⁾ tot vier vakansies per jaar,¹³¹⁾ dit wil sê, na elke skoolkwartaal.

Kerklike aangeleenthede, veral Nagmaalsgeleenthede, het dikwels die vakansietye bepaal. Volgens die huishoudelike bepalinge van die skool te Zandfontein, Rustenburgse distrik, sou daar vier vakansies per jaar wees, en wel „... met Nachتماals gelegenhede”.¹³²⁾ Die skool op die plaas Sterkfontein, Krugersdorpse distrik, sou ook vir een week tydens elke Nagmaalsgeleentheid gesluit wees.¹³³⁾

Nog 'n faktor wat die vakansiereëlings beïnvloed het, was die tekort aan plaasarbeiders. Op versoek van die skoolouers moes meester G. Jonker

130) Notule van 'n skoolkommissievergadering van die skool te Bakenlaagte, Middelburgse distrik, 1.6.1888. O.D. 4/3 : 274.
Vgl. ook: Verslag van die skool te Leeuwenburg, Ermelose distrik, oor die tydperk 8.11.1886 - 8.2.1887. O.D. 4/1 : 72.

131) Huishoudelike bepalinge van die skool te Driefontein, Houtbosch, art. 9, 28.5.1889. O.D. 5/2 : 670.

132) Huishoudelike bepalinge van die skool te Zandfontein, Rustenburgse distrik, art. 9, 8.2.1889. O.D. 5/1 : 156.

133) Huishoudelike bepalinge van die skool te Sterkfontein, Krugersdorpse distrik, art. 4, 6.11.1889. O.D. 6/1 : 1335.

in 1890 vier weke aaneen vakansie gee, sodat die kinders op die plase behulpsaam kon wees.¹³⁴⁾ Omdat 'n vakansie in Desember en Januarie vir die veeboere min voordele ingehou het, moes die skool te Klippoort gedurende September-Oktober minstens drie weke lank gesluit wees, sodat die kinders hulle ouers op die plase gedurende lamtyd behulpsaam kon wees.¹³⁵⁾

5.4.4 Kurrikulum

Om aan die wetsvereistes te kon voldoen, moes plaaskinders wat laer onderwys ontvang het, onderrig word in Lees, Skryf, Rekene, Sang en die beginsels van die Nederlandse taal.¹³⁶⁾

In die praktyk het Godsdiensonderrig, Sang (psalms en gesange), Lees, Skryf, Rekene en Nederlandse taalkunde voorrang by die meeste ondersteunde plaasskole geniet.¹³⁷⁾

134) JONKER, G. Brief aan G.A. Odé. Kleinmonden, 12.7.1890. O.D. 7/2 : 902.

135) TALJAARD, D., sekr. van skoolkommissie. Brief aan H. Stiemens. Klippoort, 5.9.1890. O.D. 7/2 : 1 167.

136) Wet no. 1, 1882, art. 4a.

137) KEIZER, A. Brief aan S.J. du Toit. Uitkyk, Utrechtse distrik, 24.6.1882. O.D. 2/1 : 92. Vgl. ook: VENTER, J. e.a. Brief aan S.J. du Toit. Zandfontein, Pretoriase distrik, 27.2.1885. O.D. 3/1 : 34. Vgl. ook: Huishoudelike bepalinge van die skool te Rooigrond, Lichtenburgse distrik, 4.11.1888. O.D. 5/1 : 269.

W. Iz. Slikkerveer, onderwyser op die plaas Vanoudtshoornstroom, in die Ermelose distrik, se „systematish plan" was alreeds 'n stap in die rigting van 'n werkskema by plaasskole. Sy voorgestelde beplanning en werksprosedure vir sy st. 1-leerlinge (aanvangsonderwys) was soos volg: 138)

Spellingonderrig: „Fondamentsteenen 1".

Leesonderrig : Aandag aan leestekens en hardop spel van woorde uit die les.

Skrifonderrig : Skryf van woorde uit die leesboek. Skryf van letters en syfers volgens voorskrif te op leie.

Getalleleer : Tel van 1 tot 100 en terug. Skryf van getalle op leie.

Diktee : Woorde uit die leesles word hardop gespel en op leie geskryf, waarna dit weer vanaf die leie gespel en gelees word.

Dinkoefeninge : Leerlinge word geoefen om waar te neem, te dink en te praat na aanleiding van bepaalde voorwerpe in die onmiddellike omgewing.

138) SLIKKERVEER, W. Iz. Brief aan H. Stiemens. Vanoudtshoornstroom, Ermelose distrik, Sept. 1890. O.D. 7/3 : 1 330.

Bybelse geskie= : Vertellinge deur die onder=
denis wyser.

5.4.5 Leer- en leesboeke

Na sy ampsaanvaarding het S.J. du Toit sy onmiddellike aandag aan die ernstige tekort aan geskikte Hollandse leer- en leesboeke geskenk. In antwoord op sy versoek het die „Nederlandsche Z.A. Vereeniging" skoolboeke ter waarde van ongeveer R200,00 gratis aan die Z.A.R.-Onderwysdepartement versend, wat weer gratis aan die verskillende skole uitgedeel is.¹³⁹⁾

Die skoolboeke vanuit Nederland was egter nie altyd geskik om as leerboeke in die Z.A.R. te dien nie. Daar was 'n behoefte aan „... een eigen stel Hollandsche leerboeken ..." wat moes aansluit by die Suid-Afrikaanse omstandighede.¹⁴⁰⁾

Vanweë hulle afgesonderdheid het plaasskoolonderwysers ernstige probleme ondervind om skoolboeke te bekom. In hierdie verband het 'n plaasskoolonderwyser, P.G.N. du Plessis, in Junie 1890 aan G.A. Odé geskryf: „... wij

139) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs, in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 9.

140) Ibid., par. 10.

buiten onderwijzers het seer moeilikelyk ..., het gaat hier buiten niet so als in een Dorp, wij kreeg mischien een school van 20 of 30 ja tot 50 kindere en daar is van 20 ja tot 23 en 18 en 17 jaren oud en heeft nooit een Cijfer gemaakt of nog nooit eers geschreefen, En wij als onderwyser, heb geen geschikte boeken, voor al een groote behoefte aan een Cijferboek, de Cijfer boek van Möller is te swaar voor zulke Kinderen, die nog soo ver achter is".¹⁴¹⁾

Bybels (met verskillende druk en spelling) was dikwels die vernaamste leer- en leesboeke.¹⁴²⁾

Volgens die huishoudelike reglement van die skool te Wegdraai, Mapoch se grond, was die Bybel „De Hoofboek in het School ...".¹⁴³⁾

Dit spreek vanself dat die tekort aan skool= boeke belemmerend ingewerk het op die onderwys= peil en ontwikkeling van die Transvaalse plaas= skool. H.A. Venter moes te Waterval, in die Rustenburgse distrik, 'n skool begin met vyf

141) DU PLESSIS, P.G.N. Brief aan G.A. Odé. Elasdrijf, 9.6.1890. O.D. 7/1 : 713.

142) Huishoudelike bepalinge van die skool te Driefontein, Groot Marico, 7.6.1888, art. 8. O.D. 4/4 : 302.

143) Huishoudelike bepalinge van die skool te Wegdraai, Mapoch's grond, 8.2.1890, art. 3. O.D. 6/2 : 179.

en twintig leerlinge met „... bykans geene boeke" nie.¹⁴⁴⁾ Vanaf Holkrans, in die Utrechtse distrik, het J.F. Schröder in November 1882 berig dat hy nêrens Hollandse taalkunde- en rekeneboeke vir sy skool kon kry nie.¹⁴⁵⁾ Nadat I.D. Bosman se skool te Rietvallei, te Klerksdorp, reeds vyf maande aan die gang was (sommige leerlinge sou net vir ses maande die skool besoek), was die Kinderbybel nog die enigste leer- en leesboek, omdat ander boeke nie verkry kon word nie.¹⁴⁶⁾

5.4.6 Professionele inspeksiewerk en die algemene onderwyspeil

Dit blyk uit die inspeksieverslae dat die plaasouers gedurende die Du Toit-Stiemens-tydperk skoolonderwys nog steeds beskou het as 'n voorbereiding vir die aanneming. Bybelse geskiedenis was die sentrale vak, dog Lees, Skryf (op leie), Rekene en Sang het ook by plaasskole aandag geniet. Die onvermoeide ywer van S.J. du

144) VENTER, H.A. Brief aan S.J. du Toit. Waterval, Rustenburgse distrik, 23.11.1882. O.D. 2/1 : 202 (bk).

145) SCHRÖDER, J.F. Brief aan S.J. du Toit. Holkrans, Utrechtse distrik, 6.11.1882. O.D. 2/1 : 151.

146) BOSMAN, I.D. Brief aan Superintendent van Onderwys. Rietvallei, Pk. Hartebeestfontein, Klerksdorp, 22.8.1890. O.D. 7/1 : 685.

Toit om die onderwyspeil te verbeter, moes noodwendig die plaasskoolstelsel gunstig beïnvloed het.

Wet no. 1, 1882, het vereis dat die Superintendent van Onderwys so dikwels moontlik inspeksiebesoeke aan wykskole moes bring.¹⁴⁷⁾ As gevolg van onbegaanbare weë, vol riviere, perdesiektes¹⁴⁸⁾ en die steeds toenemende aantal skole en die gepaardgaande vermeerdering van sy kan-toorwerk¹⁴⁹⁾ het dit vir die Superintendent al hoe moeiliker geword om sy verpligtinge ten opsigte van die inspeksiewerk na te kom. H. Stiemens, Waarnemende Superintendent van Onderwys, het in 1887 by die Volksraad aanbeveel dat 'n inspekteur benoem moes word om die Superintendent met inspeksiewerk behulpsaam te wees. Dit was veral die plaasskole wat nie meer gereeld inspeksiebesoeke ontvang het nie.¹⁵⁰⁾

Du Toit moes reeds in 1883, ooreenkomstig art. 14 van Wet no. 1, 1882, van die dienste van

147) Wet no. 1, 1882, art. 13.

148) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 4.

149) Ibid., par. 4.

150) Verslag van den staat van het onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1887, par. 8.

predikante gebruik maak om die wykskole te inspekteer,¹⁵¹⁾ teen 'n vergoeding van R4,00 per skool.¹⁵²⁾

Die reëling dat predikante inspeksiewerk by plaasskole kon doen, het nie oral byval gevind nie. Onderwyser John A. Compaan te Hoedspruit, in die Middelburgse distrik, het in Desember 1887 die Superintendent versoek om te verhoed dat ds. A.P. Burger sy skool moes inspekteer, want Burger sou sy skool benadeel ten gunste van die opposisieskool waar die heer Laage, Burger se „getrouwe aanhanger“, die onderwyser was.¹⁵³⁾

Na die aanstelling van die eerste twee inspekteurs van onderwys, C.G. de Jonge en J. Nieuwenhuize, in 1889¹⁵⁴⁾ sou daar strenger professionele toesig oor die plaasskole gehou kon word, alhoewel die aantal inspekteurs ontoereikend was. Gedurende daardie jare was 'n

151) Ibid., over het dienstjaar 1883, par. 6.

152) DE RIDDER, DS. JOHS. Brief aan H. Stiemens. Rustenburg, 14.11.1883. O.D. 2/2 : 540.

153) COMPAAN, J.A. Brief aan Superintendent van Onderwys. Hoedspruit, Middelburgse distrik, 7.12.1887. O.D. 4/2 : 554-5.

154) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.57. Vgl. ook: LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, p.153.

groot persentasie van die plaasskoolonderwysers nie vir hulle taak opgewasse nie, en voorligting deur professionele mense sou 'n heilsame uitwerking op die plaasskole gehad het. Beide die onderwysers en leerlinge was waarskynlik tot beter werk geïnspireer, en die onderwysers kon op hulle tekortkominge gewys word.

Volgens die inspeksieverslae het die onderwyspeil in die verskillende skoolvakke by plaasskole gewissel van goed tot baie swak. Inspekteur C.G. de Jonge het in 1890 verklaar dat daar wel vooruitgang in die onderwyspeil was, maar dat dit nouliks merkbaar was. Die posisieten opsigte van die onderwyspeil was in 1890 soos volg:¹⁵⁵⁾

- * Swakopgeleide (dikwels glad nie opgelei nie) onderwysers het die kinders volgens die verouderde spelmetode leer lees met ontmoedigende resultate. Die lesse is selde verduidelik en die leerlinge het sonder begrip geles. Plaasskoolonderwysers was nog steeds in die hande van skoolkommissies en ouers ten opsigte van die keuse van leesboeke, want „De eene ouder ... wil dit

155) DE JONGE, C.G. Algemeene opmerkingen over het onderwijs in de Z.A. Republiek. Verslag van den toestand van het gesubsidieerd onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Dienstjaar 1890, bijlage B.

boek, een ander weer dat. Voorwaar! eene groote moeilikheid bij't leesonderwijs".

- * By plaasskoolonderwysers het nie net die nodige kennis van Spraakkuns ontbreek nie, maar daar was ook 'n algehele gebrek aan takt. Sekere reëls moes bloot gememori= seer word, sonder dat die leerlinge dit verstaan het. Diktee moes meer oordeelkun= dig gekies word.
- * Syferwerk was meganies gedoen, en die re= keneboekies van Moller en „Uw en mijn cijferboek" was meestal slaafs gevolg. Baie plaasskoolonderwysers kon nie probleem= somme aan die kinders leer nie, want hulle was self onbevoeg om elementêre rekenkundige vraagstukkie op te los.
- * Die „Copy books" wat in gebruik was vir Skrifonderrig, was ten minste veel beter as die „... allerakeligste voorschriften van vele onderwysers".
- * Gaandeweg was daar 'n toename in die onder= rig van Engels by die buiteskole met bemoedi= gende resultate.
- * Plaasskoolkinders se kennis van die Bybelse geskiedenis het dié van die dorpskinders ver oortref.

Die leerlinge se kennis van die „B-mol" en „B-dur" note was onbevredigend, omdat die meeste onderwysers onbevoeg was om kerksang te onderrig.

5.4.7 Akkommodasie

Verskeie skoolkommissies het daadwerklik gepoog om die skoolgebou en meubels aan die bepalinge van art. 9 van Wet no. 1, 1882, te laat vol=doen.¹⁵⁶⁾ Op die plaas Tweefontein, in die Heidelbergse distrik, het die skoolkommissie 'n netjiese en doelmatige skoolgebou opgerig wat dertig leerlinge kon akkommodeer. Die skoolge=bou, wat voorsien was van 'n sinkdak, was 7,62 m lank; 4,57 m breed en 3,05 m hoog.¹⁵⁷⁾

Welwillende plaaseienaars het dikwels 'n stuk grond gratis beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n skoolgebou. Die eienaar van Boschpan, in die Lichtenburgse distrik, het 'n geskikte skoolterrein gratis beskikbaar gestel vir 'n tydperk van sewe jaar om 'n skoolgebou op te

156) Huishoudelike bepalinge van die skool te Witklip, Middelburgse distrik, sonder datum. O.D. 6/2 : 273. Vgl. ook: JOUBERT, M.S., voorsitter van die skoolkommissie. Brief aan Superintendent van Onderwys. Weltevreden, 20.12.1883. O.D. 2/2 : 594.

157) VAN DEN HEEVER, G.D. Brief aan Superintendent van Onderwys. Tweefontein, Heidelbergse distrik, 22.1.1890. O.D. 6/2 : 112.

rig. 158)

Benewens die skoolterrein wat M.S. Joubert te Weltevreden gratis beskikbaar gestel het vir onderwysdoeleindes, het hy die nodige geld aan die skoolkommissie geleen vir die aankoop van skyframe, kosyne, balke en sinkplate vir die oprigting van 'n skoolgebou. 159)

Al die plaasskoolonderwysers was egter nie in so 'n begunstigde posisie om onderwys in 'n aparte skoolgebou te verskaf nie. Te „Roodekopjes“, in die Rustenburgse distrik, het W.A. du Plessis sy woonhuis vir 'n tydperk van een jaar beskikbaar vir onderwysdoeleindes gestel. 160) Margaretha Fouché het in Oktober 1889 vir ses kinders skoolgebou in 'n beknopte kamertjie in die woonhuis van P.P. Fouché, te „Polmiet“, in die M.W. Stroomse distrik. 161)

158) Verklaring onderteken deur J.L.G. van Vuuren en twee getuies, Boschpan, Lichtenburgse distrik, 10.5.1889. O.D. 5/2 : 505.

159) VAN DER VLIES, A.W.M., onderwyser. Brief aan Superintendent van Onderwys. Weltevreden, Malopo, 5.7.1884. O.D. 2/3 : 136.

160) Notule van 'n skoolkommissievergadering, Roodekopjes, Rustenburgse distrik, 21.10.1883. O.D. 2/2 : 526.

161) FOUCHÉ, MARGARETHA. Brief aan Superintendent van Onderwys. Polmiet, M.W. Stroomse distrik, 29.10.1889. O.D. 6/1 : 1 292.

Soms was dit van die onderwyser verwag dat hy uit sy karige inkomste nog die skoolgebou moes voorsien. Dit was die verantwoordelikheid van die onderwyser te Misgunt, in die Heidelbergse distrik, om te sorg vir „... een behoorlijk schoolgebouw met meubilair tot bevrediging der Schoolcommissie" (art. 5). Sake is verder vir die onderwyser bemoeilik deur die bepaling dat die skoolkommissie oor die reg beskik het om die skool van die een plaas na 'n ander binne die betrokke wyk oor te plaas (art. 12).¹⁶²⁾ Te Klippoortskool, in die Standertonse distrik, was die onderwyser ook verantwoordelik vir die voorsiening van 'n skoollokaal met meubels tot bevrediging van die skoolkommissie.¹⁶³⁾

Dit is te begrype dat die Volksraadsbesluit in 1889 om aan skoolkommissies van wykskole 'n toelaag van R1,00 per maand toe te staan, synde die huurgeld vir skoolgeboue,¹⁶⁴⁾ vir die plaas= mense van groot betekenis was.

162) Huishoudelike bepalinge van die ondersteunde skool te Misgunt, Kliprivier, Heidelbergse distrik, artt. 5; 12. O.D. 2/3 : 132.

163) Huishoudelike bepalinge van die skool te Klippoort, Standertonse distrik, 4.6.1885. O.D. 3/1 : 126.

164) Volksraadsbesluit, 28.6.1889, art. 576. Bijvoegsel tot de Staats-courant der Z.A.R., 3.7.1889.

5.4.8 Skoolbesoek

Die wetsbepaling dat geen subsidie uitbetaal sou word ten opsigte van leerlinge wat minder as vyftien volle skooldae per maand of vyftig volle skooldae per kwartaal in die skool was nie,¹⁶⁵⁾ moes bepaald 'n heilsame uitwerking op die skoolbywoning van die plaaskinders gehad het.

Gevalle het voorgekom waar skoolkommissies selfs indirekte dwang op die ouers uitgeoefen het om hulle kinders vir die tydperk wat die skool aan die gang sou wees, volgens die onderlinge reëling met die onderwyser, in die skool te hou. Ouers wat hulle kinders voor die bepaalde tyd uit die skool geneem het, was verantwoordelik vir die betaling van die volle skoolgeld vir die hele ooreengekome tydperk.¹⁶⁶⁾ Skoolouers van die Doornspruitskool wat hulle kinders ongereeld skool toe gestuur het, moes R1,00 in plaas van R0,50 per kind per maand skoolgeld betaal.¹⁶⁷⁾

In die jare wat na Wet no. 1, 1882, gevolg het,

165) Wet no. 1, 1882, art. 10.

166) Huishoudelike bepalinge van die skool te Roodepoort, Middelburgse distrik, 12.5.1886. O.D. 3/2 : 222.

167) Huishoudelike bepalinge van die skool te Doornspruit, 11.3.1887. O.D. 4/1 : 129.

het daar 'n merkwaardige verbetering in die skoolbywoning van plaaskinders ingetree. S.J. du Toit het sy tevredenheid oor die skoolbezoek reeds in sy eerste jaarverslag uitgespreek.¹⁶⁸⁾ In Julie 1883 het meester M. Hendrikse berig dat sy leerlinge te Spitskop, in die Ermelose distrik, se skoolbesoek „voorbeeldig“ en „naauwgezet“ was.¹⁶⁹⁾

Ten spyte van die bemoedigende vordering ten opsigte van die skoolbywoning van plaaskinders, was daar nog 'n groot persentasie kinders wat vanweë verskeie faktore nog van skoolonderwys verstoke was:-

* Ouers het nie altyd die waarde van voortgesette onderwys besef nie, want in Julie 1887 het die onderwyser te Steenbokfontein, in die Rustenburgse distrik, berig dat die leerlingtal skerp gedaal het omdat die ouers die mening gehuldig het dat hulle kinders ver genoeg geleer het, en hulle uit die skool geneem het.¹⁷⁰⁾

168) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek, over het dienstjaar 1882, par. 11d.

169) HENDRIKSE, M. Brief aan Superintendent van Onderwys, Spitskop, Ermelose distrik, 30.7.1883. O.D. 2/2 : 330.

170) GROBLER, W. Brief aan H. Stiemens. Steenbokfontein, Rustenburgse distrik, 17.7.1887. O.D. 4/1 : 312.

* Die kerklike twiste wat gedurende die tag=
tigerjare voortgeduur het, het die skoolbe=
soek by plaasskole nadelig getref. Ouderling
A.P.L. Kotzé het in Mei 1882 aan die Superin=
tendent van Onderwys geskryf dat daar vyftig
of sestig kinders in die skool kon wees,
maar dat die „Kerkelike vir deeltheid ...”¹⁷¹⁾
by die mense diep gesny het. Verskeie ouers
het hulle kinders uit die Vaalbankskool geneem,
omdat hulle slegs psalms en geen gesange ge=
sing het nie.¹⁷²⁾

* Die jaarlikse trek na die winterveld het
dikwels Hoëveldse plaasskole laat leegloop.
In Julie 1882 was daar net veertien van die
vyf en twintig kinders in die skool te Lelie=
fontein, in die Lydenburgse distrik, oor,¹⁷³⁾
en die skool op die plaas Nieuw Amsterdam,
wat op 1 Mei 1885 geopen het, moes as gevolg
van die skerp daling in die inskrywing wat
deur die wintertrek veroorsaak was, weer op
20 Augustus 1885 sluit.¹⁷⁴⁾

171) KOTZÉ, A.F.L. Brief aan S.J. du Toit. Schoon=
spruit, 23.5.1882. O.D. 2/1 : 201 (n).

172) GROENEWALD, B.L.C. Brief aan H. Stiemens.
Vaalbank, 8.4.1888. O.D. 4/3 : 204.

173) BREYTENBACH, oud-ouderling. Brief aan S.J. du
Toit. Leliefontein, Lydenburgse distrik,
8.7.1882. O.D. 2/1 : 81.

174) JOHNSON, A.D., onderwyser. Brief aan S.J. du
Toit. Nieuw Amsterdam, 1.9.1885. O.D. 3/1 :
201.

* Vanweë die tekort aan nie-blanke plaasar=beiders het die ouers voortdurend hulle kinders uit die skole geneem om met die gewone plaasarbeid te help. Onderwyser W. Doijers moes sy skool te Ebenhaezer, in die Ermelose distrik, vir 'n onbepaalde tyd sluit om die kinders toe te laat om op die plase te gaan werk,¹⁷⁵⁾ en op die plaas Driefontein, in die Pretoriase distrik, moes J. Schilt=huis in Junie 1885 sy skooltjie sluit „... aangezien de kaffers van de Heer Fourie (die plaaseienaar) hem hebben verlaten, en hy nu zyn kinderen in de boerdery noodig heeft”.¹⁷⁶⁾ Op 9 April 1890 het meester M.J. Vermooten te Platklip, in die Heidelbergse distrik, sy skool beëindig „... omdat vele ouders, wegens gebrek van kaffers, verplicht zijn hun kinderen voor een tyd uit te nemen, om hun te helpen met de boerde=rij”.¹⁷⁷⁾

175) DOIJERS, W. Brief aan S.J. du Toit. Ebenhaezer, Ermelose distrik, 24.2.1885. O.D. 3/1 : 29.

176) SCHILTHUIS, J., onderwyser. Brief aan H. Stiemens. Driefontein, Pretoriase distrik, 6.6.1885. O.D. 3/1 : 133.

177) VERMOOTEN, M.J. Brief aan die Wnd. Superintendent van Onderwys. Platkop, Heidelbergse distrik, 9.4.1890. O.D. 7/1 : 436.

5.4.9 Die onderrig van Engels as taal en die taal=
mediumvraagstuk

Alle skoolonderwys moes deur medium van Neder=
lands plaasvind.¹⁷⁸⁾ Du Toit, as voorstander
van die opvoedkundig-korrekte beginsel van
moedertaalonderwys, het dus 'n egte Afrikaanse
skool beoog. Die taal van die volk moes die
taal van die skool wees. „Deur kinders in 'n
vreemde taal te onderwys word hulle geheuge
met 'n bietji kennis opgevul, kom hulle
herinnerings vermoë in werking maar hulle
verstand - hulle denkvermoë blyf onontwik=
keld".¹⁷⁹⁾

Met die implementering van Wet no. 1, 1882, art.
7, het daar dikwels probleme opgeduik, want die
plaasmense het al hoe meer daarop begin aan=
dring dat hulle kinders Engels moes leer.¹⁸⁰⁾
Plaasskoolonderwysers was ook nie altyd seker
hoe die taalklousule toegepas moes word nie.
Op versoek van die ouers moes C.J. Rabie te
Waterkloof, Groot Marico, Engels aan die kinders
leer, en Rabie was nie seker of dit ten opsigte
van gesubsidieerde skole toelaatbaar was

178) Wet no. 1, 1882, art. 7.

179) DU TOIT, J.D., op. cit., p.247.

180) GENIS, JOHN, onderwyser. Brief aan L.D. Foriel
Roodegrond, 2.4.1890. O.D. 7/1 : 390.

nie.¹⁸¹⁾ Skoolbestuurder T.L. van Reenen moes in 1885 verneem dat sy skool te Vryheid, in die Utrechtse distrik, nie op regeringsteun aanspraak kon maak as Engels die voertaal was nie.¹⁸²⁾

In Oktober 1884 het die Volksraad die Superintendent van Onderwys opdrag gegee om streng daarop te let dat geen skool, waar die voertaal nie Nederlands was nie, uit die staatskas te subsidieer nie.¹⁸³⁾

Die groot aantal "... fortuinsoekers, kapitaliste, arbeiders, uitvaagsels van ander lande, mitsgaders ongespesifiseerde Britse en ander onderdane ..." wat, na die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886, na die Transvaal gestroom het,¹⁸⁴⁾ het hulle invloed ook terdê op die ontwikkeling van die plaasskool laat geld. 'n Groot aantal wykskole het in hulle

181) RABIE, C.J. Brief aan J. Dyksterhuis. Waterkloof, Groot Marico, Zeerustse distrik, 28.10.1889. O.D. 6/1 : 1 288.

182) VAN REENEN, T.L. Brief aan H. Stiemens. Vryheid, Utrechtse distrik, 5.6.1885. O.D. 1/3 : 129.

183) Volksraadsbesluit, 3.10.1884, art. 749. JEPPE, F. De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, p.1 268.

184) KEMP, J.C.G. Vir vryheid en vir reg, p.59.

huishoudelike reglemente voorsiening vir die onderrig van Engels begin maak.¹⁸⁵⁾

Die aanvraag vir Engels in skoolonderwys het in so 'n mate toegeneem dat W.J. Leyds in 1887 aan J.P. Moltzer geskryf het dat daar ook in die onderwys 'n neiging ontstaan het om „... in den Engelschen stroom ...” te beweeg.¹⁸⁶⁾

Dit is interessant dat sommige plaasskoolonderwysers gedurende die tagtigerjare selfs Nederlands nie meer as die suiwer moedertaal vir onderwysdoeleindes erken het nie. Meester A.A.J.C. Dieperink wou in September 1884 van die Superintendent van Onderwys weet: „Het ik (Dieperink) vrijegt om Afrikaans ook te onderwys?”.¹⁸⁷⁾ Dit blyk dat dit die begeerte van sy skool se ouers was dat Afrikaans onder- rig moes word.

185) Huishoudelike bepalinge van die Weltevreden= skool, Weltevreden, Malopo, Lichtenburgse distrik, 6.1.1886. O.D. 3/2 : 6.
Huishoudelike bepalinge van die Tweefontein= skool, Tweefontein, Waterbergse distrik, 20.10.1887. O.D. 4/2 : 500.
Huishoudelike bepalinge van die Grootvleiskool, Grootvlei, Middelburgse distrik, 8.5.1889. O.D. 118/1 : 149.

186) LEYDS, W.J. Brief aan J.P. Moltzer. Pretoria, 4.11.1887. L.A. 250/2.

187) DIEPERINK, A.A.J.C. Brief aan S.J. du Toit. Schoonuitzicht, 4.9.1884. O.D. 2/3 : 179.

5.5 Personeelvoorsiening

5.5.1 Skaarste aan onderwysers

Plaaslike skoolkommissies kon dikwels nie self daarin slaag om 'n geskikte onderwyser te kry nie, en het hulle dan in radeloosheid tot die Superintendent vir 'n onderwyser gewend. In die Bloemhofse distrik het die belanghebbers tevergeefs vir vyf tot ses maande na 'n onderwyser gesoek.¹⁸⁸⁾ Indien hulle die dienste kon bekom van 'n „vaste schoolonderwyser“, sou die burgers van die wyk Steelpoort, in die Middelburgse distrik, poog om 'n skoolgebou op te rig, sodat die kinders „... eene behoорlyke doelmatige en Christelyken onderwys kunnen genietien“.¹⁸⁹⁾

Ten einde 'n vaste skoolstelsel op die platte-land te vestig, moes die regering vaste wyk-skole in die buitelandse distrikte oprig. Die probleem op die plase was dat, „... wanneer een onderwyser by een boer weg gaat naar een ander dan vind men kinderen welke wel eens onderwys hebben genooten doch uit gebrek aan onderwy-

188) HOFFMAN, D. Brief aan landdros J. Uys te Christiana. Bloemhof, 27.3.1882. O.D. 2/1 : 199 (b).

189) DIEPERINK, A.A.J.C. Brief aan S.J. du Toit. Eenkant, Middelburgse distrik, 19.8.1883. O.D. 2/2 : 424.

zers een paar jaar heeft stil gestaan ...".¹⁹⁰⁾

5.5.2 Bevoegdheidsbepalinge

By die keuse van 'n onderwyser sou 'n sertifikaat van die Raad van Eksaminatore 'n aanbeveling wees. Voorts moes plaaslike skoolkommissies self hulle onderwysers kies, en hulle kan didaat dan deur middel van die Superintendent aan die regering vir goedkeuring en aanstelling voorlê.¹⁹¹⁾

Dit wil voorkom of beide Du Toit en Stiemens nooit die kandidate van skoolkommissies vir aanstelling aan die regering voorgelê het nie, met die gevolg dat skoolkommissies absoluut vry in die benoeming van onderwysers was. Die plaasmense het waarskynlik ook nie hoë eise aan die kwalifikasies van hulle onderwysers gestel nie.

Sodra 'n plaasskoolonderwyser met die skoolkommissie en ouers ooreen kon kom, het hy 'n skool geopen en die Superintendent versoek om sy naam „... te plaatsen aan den Lijst van onder=

190) EEKHOUT, Z.A.P.H. Brief aan Superintendent van Onderwys. Leeuwnnek, Vryheidse distrik, 10.4.1890. O.D. 7/1 : 437.

191) Wet no. 1, 1882, art. 12.

wijzers ...".¹⁹²⁾

Persone het hulle op plase aangemeld om onderwys te verskaf wat nie aan die wetsvereistes voldoen het nie.¹⁹³⁾ Vanaf „driefontijn” het onderwyser H.P. Potgieter aan die Superintendent in „pretoria” geskryf om „... voor goewernements toe lagieappliCatie ...” te maak.¹⁹⁴⁾

Die onvermoë van verskeie plaasskoolonderwysers om hulle skoolverslae korrek te voltooi, moes sake vir die Superintendent en sy kantoorpersoneel erg bemoeilik het. In Februarie 1884 het onderwyser Maeyer sy waardering teenoor Stiemens uitgespreek, omdat hy op foute in sy skoolverslag gewys is, en by voorbaat verskoning vir die foute wat daar nog kon wees ge maak.¹⁹⁵⁾ Meester B.J. van Jaarsveld het in 1883 aan „S J detoet sepresentendent van onderwis” geskryf om verskoning te maak vir die

192) TRUTER, P.H. Brief aan S.J. du Toit. Cijferfontein, Lichtenburgse distrik, 5.9.1883. O.D. 2/2 : 455.

193) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z.A. Republiek over het dienstjaar 1889, par. 9.

194) POTGIETER, H.P. Brief aan Superintendent van Onderwys. Driefontein, 18.8.1890. O.D. 7/2 : 1 159.

195) MAYER, N.B.E. Brief aan H. Stiemens. Rietfontein, 18.2.1884. O.D. 2/3 : 34.

foute wat in sy „eerste op gavl" voorgekom
het.¹⁹⁶⁾

Oor die algemeen was die plaasmense gesteld
op die goeie sedelike gedrag van hulle onder=
wyser. Skoolkommissies het dikwels die reg
voorbewou om 'n onderwyser op grond van wange=
drag te kon ontslaan.¹⁹⁷⁾

Aan die anderkant was daar egter ook diegene
wat verdienstelike werk op die plase verrig
het. W.H.L. Owens te Twyfelpoortskool, Groot
Marico, was „... een onverbeterlijke man”.¹⁹⁸⁾
As blyk van waardering vir die goeie dienste
wat hulle „geliefden" onderwyser, J. Andrews
te Witklip, in die Middelburgse distrik, gele=
wer het, het die skoolouers en leerlinge vir
hom „... en zakhorloge en ketting ... ge=
koop”.¹⁹⁹⁾

196) VAN JAARSVELD, B.J. Brief aan S.J. du Toit.
(?), 16.3.1883. O.D. 2/2 : 157.

197) Huishoudelike bepalinge van die skool te
Modderspruit, Mapoch se grond, Middelburgse
distrik, 4.8.1890. O.D. 7/2 : 1 040.

198) KNOETZE, G. Brief aan Superintendent van
Onderwys. Twyfelpoort, 12.9.1884. O.D. 2/3 :
189.

199) De Volksstem, 8.9.1890.

5.5.3 Salarisse en diensvoorwaardes van plaasskool= onderwysers

Die salarisse van onderwysers is nie deur Wet no. 1, 1882, vasgestel nie. Plaaslike skool=
kommissies het self, na gelang van die plaaslike
bydraes en regeringsteun, met die onderwyser
in verband met sy besoldiging gereël.

Volgens die reëling wat Du Toit aan die hand
gedoen het om vaste wykskole op plase op te
rig, naamlik dat ouers aandeel van R6,00;
R8,00 of R10,00 elk per jaar neem met die reg
om een van sy kinders onderwys te laat ge=
niet,²⁰⁰⁾ het daarop neergekom dat ouers onge=
veer R1,00 per leerling per maand skoolgeld
moes betaal. Daar was dan ook skoolkommissies
wat vereis het dat die ouers R1,00 per leerling
per maand moes betaal, want met „... minder dan
dit zal de onderwijzer zijn brood niet wennen
kan”.²⁰¹⁾ In minstens een geval moes die skool=
geld van R1,00 per leerling per maand verdeel
word tussen die onderwyser, die plaaseienaar

200) Voorloopig rapport van den Superintendent
van Onderwijs aan de Hoog-Edele Regering der
Z.A. Republiek, par. 16.

201) BREYTENBACH, oud-ouderling. Brief aan S.J.
du Toit. Leliefontein, Lydenburgse distrik,
8.7.1882. O.D. 2/1 : 81.
Vgl. ook: COETZEE, L. Brief aan Superinten=
dent van Onderwys. Damisburg, Zeerust-Maricose
distrik, 1.6.1888. O.D. 4/4 : 292.

en 'n heer Minaar.²⁰²⁾

Vanweë die armoede van die plaasmense was die skoolgeld in die praktyk tot so min as R0,10 per leerling per maand.²⁰³⁾ Soms is goedere aanvaar in plaas van kontant, want te Lemoen= fontein moes elke ouer „... de somme van 2-6 p aan waarde of 2 s aan kon tant" bydra.²⁰⁴⁾

Benewens sy salaris het 'n plaasskoolonderwyser soms 'n stukkie besproeibare grond tot sy beskikking gehad om sy eie groentetjies te kweek.²⁰⁵⁾

In gevalle waar die ouers se bydrae tot die skoolfonds, as gevolg van armoede wisselvallig was, kon daar geen vaste salaris aan die onderwyser gewaarborg word nie.²⁰⁶⁾

202) MINAAR, P.C. Brief aan H. Stiemens. Welverdiend, 10.2.1885. O.D. 3/1 : 17.

203) Huishoudelike bepalinge van die skool te Helpmekaar, 1.2.1888. O.D. 118/1 : 75.

204) Huishoudelike bepalinge van die skool te Lemoenfontein, art. 2, 10.7.1889, O.D. 118/1 : 171.

205) DU PLOOY, C.M. Brief aan S.J. du Toit. Nooitgedacht, Middelburgse distrik, 5.5.1883. O.D. 2/2 : 250.

206) Huishoudelike bepalinge van die Syferfontein= skool, Syferfontein, Rustenburgse distrik, 6.9.1886. O.D. 3/3 : 413.
Vgl. ook: Huishoudelike reglement van die skool te „Quaggafontein“, „Quaggafontein“, Zeerustse distrik, 3.8.1866. O.D. 3/3 : 374.

Die onsekerheid van 'n vaste betrekking en gereelde maandelikse inkomste moes 'n bron van kommer vir baie onderwysers op die plase ge= wees het. Toe Z.B. Evers se skool te Groenfon= tein, in die Rustenburgse distrik, met ingang 12 April 1886 moontlik gesluit sou moes word, het Evers aan die Superintendent geskryf dat „Het schrikbeeld ...” soms by hom opkom dat hy dan moontlik „... zonder brood ...” sou wees.²⁰⁷⁾

207) EVERS, Z.B. Brief aan S.J. du Toit. Groen= fontein, Rustenburgse distrik, 18.1.1886.
O.D. 3/2 : 24.